# DIE SKIETLOOD

253e Uitgawe 14 Augustus 2026
saam met Koersvas 253

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS**
**DIE TWEEDE DEEL:**
**DIE VERLOSSING VAN DIE MENS (SONDAG 5-31)**
**Sondag 6**
**:**
**Vraag 18: Wie is hierdie Middelaar wat terselfdertyd ware God (a) en ware (b) regverdige mens is (c)?**
**Antwoord: Ons Here Jesus Christus (d), wat God vir ons tot wysheid, geregtigheid, heiligmaking en volkome verlossing gegee het (e).**

**Vraag 18 kommentaar vervolg: Antwoord** – Die noodsaak van 'n Middelaar: Daar kan verskeie redes gegee word vir die noodsaak ten opsigte van 'n Middelaar. Ursinus gee vier redes vir hierdie stelling. Die eerste rede kan in die aard van God se geregtigheid gevind word. Versoening met God beteken meer as net om die prys te betaal, dit sluit ook in om in God se guns te bestaan, met ander woorde 'n terugkeer na bestaan in God se guns. Iemand wat ons sodanig kan herstel dat ons God se guns geniet kan herstel noodsaaklik. Sonder bemiddeling kan ons weens die afstand tussen ons en God nie eens met die proses van versoening begin nie. Dit impliseer 'n middelaar. Versoening beteken dat God in Sy geregtigheid tevrede moet wees met die prys betaal, wat iemand impliseer wat daardie prys kan betaal. Hierdie voordeel moet dan toepaslik tot die mens gemaak word. Al hierdie faktore is van geen waarde indien ons nie in die regte verhouding met God - na Sy beeld- herstel word nie. Ons het iemand nodig wat ons van sonde kan verlos en ons natuur (aard) kan herstel. Jesus is die Een wat in Hom en Sy aard aan al hierdie vereistes voldoen.

Die tweede rede wat Ursinus aanvoer, is dat God 'n Middelaar vereis vanuit die party wat oortree het. God verwag met ander woorde dat 'n mens as middelaar moet optree. Ons is almal kinders van die val en dit blyk onmoontlik vir ons om uit eie geledere sodanige middelaar aan te bied. Dit is God self wat hierdie persoon aan ons gee in Jesus wat ware mens is en tegelyk vir God aanvaarbaar is as Middelaar.

God verwag dat die mens uit eie geledere God se geregtigheid moet beantwoord met 'n prys wat God tevrede stel. Ons kan dit nie doen nie en derhalwe is die Een wat as derde party deur God gegee word, gelyk ook volle mens en Middelaar.

Daar is nou al baie gesê oor die middelaar. Wat presies doen die middelaar? Die middelaar staan tussen twee partye en moet met altwee partye werk. Jesus as Middelaar tree op by God en mens. By God as die een wat te nagekom is doen Hy die volgende: Hy tree in gebed tussen ons en God en versoek dat ons sondes ons nie toegereken word nie. Hy gee Homself as volle losprys vir ons sondes. Hy doen dit deur vir ons te sterf en die volle proporsionaliteit van die straf op Hom te neem. Hierdie straf word wel in tyd uitgemeet, maar is in waarde en waardigheid ewig van aard. So word Hy

ons waarborg dat ons saak by God in ere herstel is en dan Gee Hy aan ons die Heilige Gees.
By die mens as oortreder stel Hy Homself bekend as deur die Vader gestuur, om sodoende Sy wil aan ons bekend te maak. Hy verseker ons dat Hy die volle prys betaal het deur Sy Gees wat in ons kom woon. Hierdie saak moet nie onderskat word nie. Die Heilige Gees het op profete neergedaal en hulle gebruik. By ons is die Gees van God inwonend, nie net insidenteel nie. Die Middelaar roep ons tot lewe en waarborg ons die ewige lewe. Om al hierdie dinge te vermag, moet die Middelaar ware mens wees, en ware God. Net by herhaling; Adam was voor die sondeval reeds ware/volle mens. Jesus as ware mens, maar sonder sonde, is nie 'n diskwalifikasie nie, dit is eerder die mens in sy volheid voorgestel.
Om ware Middelaar te kan wees, moet Hy ware mens en ware God wees. Sy menswees moet in alle aspekte bo verdenking wees. Hy skyn nie net mens te wees nie (modalisme), maar **is** volle mens. Wie is hierdie Middelaar? Niemand anders nie as ons HERE Jesus Christus. 1 Timoteus 1:5 "*Daar is immers net een God, en daar is net een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus*."
Van Hom sê die Skrif dat Hy God is; Johannes 1:1 "*In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God."*
Hy word by herhaling ook ware mens genoem, inteendeel die Skrif doen groot moeite om sy menslikheid aan te toon. Hy het dors en honger geword, Hy het moeg geraak, Hy het gehuil, Hy het geslaap.
Hierdie twee nature van Jesus is een persoon. So is daar net een Middelaar, nie twee nie. Hierdie een mens is ware mens na natuur en ware God na natuur, een Persoon. Een persoon is een Middelaar. Daar is net een Seun van God, net een Seun van die mens, net een Verlosser.
Jesus se Middelaarswerk vind in 'n spesifieke konteks plaas naamlik binne die verbond van God. Wat beteken dit? In die volgende uitgawe van Die Skietlood word hierdie saak ondersoek.